# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (12/10)*

*Justin Chadwick (26 Maart 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK *"I am opposed to millionaires, but it would be dangerous to offer me the position. ~Mark Twain*

## SITRUS BEMARKINGSFORUM (CMF)

Op 26 Maart 2009 kon jy R12.86 vir een Euro en R13.90 vir een Pond kry; op 26 Maart 2010 sal een Euro vir jou R9.88 en een Pond vir jou R11.03 werd wees. Die Rand het met 23% teenoor die Euro en 20% teenoor die Pond versterk. In wese beteken dit dat as uitvoere se verdienstes dieselfde as in 2009 gaan wees, moet die prys in die mark met 23% in die Euro sone en met 20% in die VK verhoog. MAAR…. hierdie gemeenskappe waar daar geen inflasie is nie; 'n pint bier, 'n pakkie sigarette, 'n brood en 'n sak lemoene bly jaar in en jaar uit dieselfde (met sommige geringe seisoenale variasies en moontlik die rare piek wanneer daar 'n erge tekort in voorraad van 'n kommoditeit is). Die kanse dus om pryse met 1/5 op te stoot, blyk onwaarskynlik. Die ander opsie dat handelaars se winsgrens laer sal wees is ook waarskynlik wensdenkery. Jy kan dus sien dat hierdie seisoen redelik twyfelagtig gebalanseer is. Laasjaar se eerste CMF is goed bygewoon, met slegs staanplek beskikbaar – as gevolg van die onsekerhede oor die ekonomiese krisis. Hierdie jaar was daar heelwat leë stoele – 'n aanduiding van 'n relatiewe gemaklikheid oor hierdie seisoen. Die vergadering is gewaarsku dat die 2010 seisoen waarskynlik moeiliker as 2009 gaan wees – die swakker rand in 2009 het beteken dat uitvoerders vooruit-dekking teen redelike goeie terme kon uitneem; met die rand wat versterk en met die voorspelling dat dit tot na die Wêreldbeker gaan voortduur, is hierdie terme minder aantreklik.

Die positiewe kant is deur die uitvoeragente in hul markverslae uitgewys. Oor die algemeen was die meeste kommentare "versigtig optimisties" dat aanvraag na sitrus goed sal wees. Gure weer in die Noordelike halfrond het die volume en die rakleeftyd van hul sitrus-oes beïnvloed en sal waarskynlik ook die grootte van die kompeterende sagtevrugte-oes vanaf die Noorde beïnvloed – wat goeie vroeë aanvraag beteken en moontlike volgehoue belangstelling in die Suidelike halfrond se sitrus vir die duur van ons hele seisoen.

Dit blyk dat vir hierdie jaar, meer as ooit tevore, die produsente MOET weet wat hul produksie kostes is – en hul moet dit met agente wat hul vrugte hanteer deel. Dit is moontlik dat in baie gevalle markte net nie genoeg verdienstes sal oplewer om hul kostes te dek nie (vir die redes hierbo genoem) en in daardie gevalle is dit die beste om NIE uit te voer nie. Onthou dat ander in die voorsieningsketting geld daaruit maak om volumes te skuif – so hul is nie so bekommerd daaroor of die produsent gelykbreek of nie. DIE ENIGSTE PERSOON WIE SE VERANTWOORDELIKHEID DIT IS OM TE VERSEKER DAT SY VERDIENSTES SY KOSTES DEK, IS DIE PRODUSENT.

## SITRUS STANDAARDE

Daar was bekommernisse oor die afkondiging van sitrus standaarde in terme van die Landbouproduk-Standaarde (LPS) Wet. Die CMF is ingelig dat hierdie standaarde nou gepubliseer is en op DAFF en CGA se webtuistes bekikbaar is.

## SPESIFIKASIES VIR PAKMATERIAAL EN PROTOKOLLE VIR PALETTISERING

Die Sitrus Koueketting Forum (CCCF) het hierdie dokument, wat nou op die CGA se webtuiste www.cga.co.za (afdeling vir lede) beskikbaar is, gefinaliseer. Die dokument is die gevolg van baie ure se werk deur lede van die Forum – dankie aan David Groenewald, Hannes Bester en ander wat vir die dokument verantwoordelik was. Die dokument dek spesifikasies vir kartonne en palette, toetsprosedures vir nuwe kartonne en vir uitvoerkartonne en 'n lys van vervaardigers van kartonne. Hierdie dokument het sy oorsprong vanuit 'n lang geskiedenis van sitrusuitvoere en is 'n waardevolle bron van inligting vir almal in die voorsieningsketting.

## OES-SKATTINGS

Die CMF het die skattings van die Variëteitsfokusgroepe ontvang. Hierdie sal nou deur die lede van die Sitrus Uitvoerdersforum bestudeer word en volgende week bekend gemaak word.

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE SITRUS PRODUSENTEVERENINGING, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**